

# OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES - AFRIKA.

# OFFICIAL GAZETTE



UITGAWE OP GESAG.

OF SOUTH WEST AFRICA.

PUBLISHED BY AUTHORITY.

1/- Maandag, 2 Mei 1960

WINDHOEK

Monday, 2nd May, 1960

No. 2250

## INHOUD.

## CONTENTS

Bladsy/Page

### PROKLAMASIE—

- No. 26. Grense van die Munisipale Gebied Outjo: Heromskrywing van . . . . .

### PROCLAMATION—

- Boundaries of Outjo Municipal Area: Redefinition of . . . . . 334

### GOEWERMENSKENNISGEWINGS:—

- No. 93. Etosha Wildtuin: Kamp- en Toegangsgelde . . . . .  
No. 94. Munisipaliteit Outjo: Wysiging van Lokasiereregulasies . . . . .  
No. 95. Prysbeheer: Maksimum Pryse van Kunsmis . . . . .  
No. 96. Pakketpostariewe: Hersiening van . . . . .  
No. 97. Prysbeheer: Maksimum Pryse van Landbougereedskap en Masjienerie . . . . .  
No. 98. Regulasies betreffende die Indeling van Pasiënte en Tariëwe van Gelde betaalbaar by Staatshospitale . . . . .  
No. 99. Munisipaliteit Aus: Wysiging van Waterleeringsregulasies . . . . .  
No. 100. Munisipaliteit Gobabis: Wysiging van Straat- en Verkeersregulasies . . . . .  
No. 359. (Unie) S.A. Geneeskundige en Tandheelkundige Raad: Reëls vir die Registrasie van Geneeskundige Tegnoloë . . . . .  
No. 373. (Unie) Offisiële Hawetariefboek van Regte en Koste: Wysiging van . . . . .  
No. 402. (Unie) S.A. Aptekerskommissie: Reëls betreffende die Werkswyse van en ander Sake . . . . .  
No. R. 490. (Unie) Doeanewet, 1955: Wysiging van die Eerste Bylae (No. 1/27) . . . . .  
No. R. 491. (Unie) Doeanewet, 1955: Wysiging van die Tweede Bylae (No. 2/23) . . . . .  
No. R. 492. (Unie) Doeanewet, 1955: Wysiging van die Derde Bylae (No. 3/14) . . . . .  
No. R. 493. (Unie) Doeanewet, 1955: Wysiging van die Tweede Bylae (No. 2/24) . . . . .  
No. R. 494. (Unie) Doeanewet, 1955: Wysiging van die Eerste Bylae (No. 1/28) . . . . .  
No. R. 495. (Unie) Doeanewet 1955: Oplegging van 'n Gewone Dumpingreg (Dump 13) . . . . .  
No. R. 496. (Unie) Doeanewet 1955: Oplegging van 'n Gewone Dumpingreg (Dump 14) . . . . .  
No. R. 497. (Unie) Doeanewet 1955: Oplegging van 'n Gewone Dumpingreg (Dump 15) . . . . .  
No. R. 498. (Unie) Doeanewet 1955: Oplegging van 'n Gewone Dumpingreg (Dump 16) . . . . .  
No. R. 499. (Unie) Doeanewet, 1955: Oplegging van Vrag-dumpingreg (Vragdump 1) . . . . .  
No. R. 536. (Unie) Doeanewet, 1955: Wysiging van die Tweede Bylae (No. 2/25) . . . . .  
No. R. 537. (Unie) Doeanewet, 1955: Omskrywing van Fabrikate van 'n Besondere Gebied . . . . .  
No. R. 538. (Unie) Doeanewet, 1955: Wysiging van die Eerste Bylae (No. 1/29) . . . . .  
No. R. 539. (Unie) Doeanewet, 1955: Wysiging van die Tweede Bylae (No. 2/26) . . . . .  
No. R. 540. (Unie) Doeanewet, 1955: Oplegging van Premiedumpingreg (Premiedump 1) . . . . .  
No. R. 541. (Unie) Doeanewet 1955: Oplegging van 'n Gewone Dumpingreg (Dump 17) . . . . .  
No. R. 542. (Unie) Doeanewet, 1955: Wysiging van die Derde Bylae (No. 3/15) . . . . .

### GOVERNMENT NOTICES:—

- Etosha Game Park: Camp and Admission Fees . . . . . 335  
Municipality of Outjo: Amendment of Location Regulations . . . . . 336  
Price Control: Maximum Prices of Fertilizers . . . . . 337  
Parcel Post Tariffs: Revision of . . . . . 338  
Price Control: Maximum Prices of Agricultural Implements and Machinery . . . . . 338  
Regulations relating to the Classification of Patients and Tariffs of Fees payable at State Hospitals . . . . . 339  
Municipality of Aus: Amendment of Water Supply Regulations . . . . . 347  
Municipality of Gobabis: Amendment of Street and Traffic Regulations . . . . . 348  
(Union) S.A. Medical and Dental Council: Rules for the Registration of Medical Technologists . . . . . 348  
(Union) Official Harbour Tariff of Dues and Charges: Amendment of . . . . . 351  
(Union) S.A. Pharmacy Board: Amendment of Rules relating to the Conduct of Business and other Matters . . . . . 351  
(Union) Customs Act, 1955: Amendment of the First Schedule (No. 1/27) . . . . . 352  
(Union) Customs Act, 1955: Amendment of the Second Schedule (No. 1/23) . . . . . 352  
(Union) Customs Act, 1955: Amendment of the Third Schedule (No. 3/14) . . . . . 353  
(Union) Customs Act, 1955: Amendment of the Second Schedule (No. 2/24) . . . . . 353  
(Union) Customs Act, 1955: Amendment of the First Schedule (No. 1/28) . . . . . 353  
(Union) Customs Act, 1955: Imposition of an Ordinary Dumping Duty (Dump 13) . . . . . 354  
(Union) Customs Act, 1955: Imposition of an Ordinary Dumping Duty (Dump 14) . . . . . 354  
(Union) Customs Act, 1955: Imposition of an Ordinary Dumping Duty (Dump 15) . . . . . 354  
(Union) Customs Act, 1955: Imposition of an Ordinary Dumping Duty (Dump 16) . . . . . 355  
(Union) Customs Act, 1955: Imposition of Freight Dumping Duty (Freight Dump 1) . . . . . 355  
(Union) Customs Act, 1955: Amendment of the Second Schedule (No. 2/25) . . . . . 356  
(Union) Customs Act, 1955: Definition of Manufactures of a Particular Territory . . . . . 356  
(Union) Customs Act, 1955: Amendment of the First Schedule (No. 1/29) . . . . . 357  
(Union) Customs Act, 1955: Amendment of the Second Schedule (No. 2/26) . . . . . 358  
(Union) Customs Act, 1955: Imposition of Bounty Dumping Duty (Bounty Dump 1) . . . . . 359  
(Union) Customs Act, 1955: Imposition of an Ordinary Dumping Duty (Dump 17) . . . . . 360  
(Union) Customs Act, 1955: Amendment of the Third Schedule (No. 3/15) . . . . . 361

### ALGEMENE KENNISGEWINGS:—

- No. 44. Bankeopgawe: Februarie, 1960 . . . . .  
No. 45. Dorpsbestuurraad van Tsumeb: Wysiging van Personeelreëls . . . . .  
No. 46. Eiendomme van die Hand gesit kragtens die „Crown Land Disposal” Ordonnansie, 1903 . . . . .  
No. 47. Bankeopgawes vir Kwartaal eindigende 31 Desember 1959: Standard Bank van Suid-Afrika Beperk: Wysiging . . . . .

### GENERAL NOTICES:—

- Banks' Statement: February, 1960 . . . . . 361  
Village Management Board of Tsumeb: Amendment of Staff Rules . . . . . 362  
Properties disposed of in Terms of the Crown Land Disposal Ordinance, 1903 . . . . . 362  
Bank Statements for Quarter ended 31st December, 1959: Standard Bank of South Africa Limited: Amendment . . . . . 363

**ALGEMENE KENNISGEWINGS:—**

- No. 48. Opgawe van Plase onder Kwarantyn: 1:3:60 . . . . .  
 No. 49. Karakoeltelersvereniging: Konstitusie en Reglemente  
 No. 224. (Unie) S.A. Wetenskaplike en Nywerheidnavorsingsraad: Wysiging van Spesifikasies . . . . .  
 No. 225. (Unie) S.A. Wetenskaplike en Nywerheidnavorsingsraad: Standaardmerk . . . . .  
 No. 269. (Unie) Bouverenigingsopgawes: Februarie, 1960

**ADVERTENSIES:—**

Boedelkennisgewings ens., ens., ens. . . . .

**GENERAL NOTICES:—**

- Return of Farms under Quarantine: 1:3:60 . . . . . 364  
 Karakul Breeders Association: Constitution and Byelaws . . . . . 364  
 (Union) S.A. Council for Scientific and Industrial Research: Amendment of Specifications . . . . . 364  
 (Union) S.A. Council for Scientific and Industrial Research: Standardization Mark . . . . . 365  
 (Union) Building Societies Returns: February, 1960 . . . . . 366

**ADVERTISEMENTS:—**

Estate Notices etc., etc., etc. . . . . 366

**PROKLAMASIE**

DEUR SY EDELE DANIEL THOMAS DU PLESSIS  
 VILJOEN, ADMINISTRATEUR VAN SUIDWES-  
 AFRIKA.

No. 26 van 1960.]

NADEMAAL dit wenslik is om die grense van die munisipale gebied Outjo te heromskrywe;

SO IS DIT dat ek kragtens en ingevolge die bevoegdheid my verleen by Artikel 7 (1)(b) van Proklamasie 3 van 1949, hierby soos volg proklameer, verklaar en bekend maak:—

Die Bylae tot Proklamasie 13 word hierby heroop en vervang deur die volgende nuwe Bylae.

**BYLAE.**

Vanaf die mees oostelike hoekbaken van die plaas Bergveld 239, geleë in die magistratsdistrik Outjo, langs die grense van maar uitsluitend, die volgende plase nemekaar:—

Bergveld 239, Restant van Gedeelte 4 (Poortjie) van die Dorpsgronde van Outjo 193, Pforte 127, Mountbatten 354, Glocke 278, National 129, Gedeelte 1 (Glenvale), Gedeelte 2 (Middelsex) en Restant van die gekonsolideerde plaas Okakewa 160, Gedeelte 1 (Lindenhof) van Kameelfeld 159, Restant en Gedeeltes 3,4,5, en 1 van Petersburg 151, Sophienhof 133, Belina 132, tot by die mees oostelike hoekbaken van die plaas Bergveld 239, synde die aanvangspunt.

GOD BEHOEDE DIE KONINGIN.

Gegee onder my hand en seël te Windhoek hierdie 11de dag van April 1960.

D. T. DU P. VILJOEN,  
*Administrateur.*

**PROCLAMATION**

BY THE HONOURABLE DANIEL THOMAS DU  
 PLESSIS VILJOEN, ADMINISTRATOR OF SOUTH  
 WEST AFRICA.

No. 26 of 1960.]

WHEREAS it is expedient to redefine the boundaries of Outjo municipal area;

NOW THEREFORE under and by virtue of the powers in me vested by Section 7(1)(b) of Proclamation 3 of 1949, I do hereby proclaim, declare and make known as follows:—

The Schedule to Proclamation 13 of 1944 is repealed hereby and replaced by the following new Schedule.

**SCHEDULE.**

From the easternmost corner beacon of the farm Bergveld 239, situated in the Magisterial District of Outjo, along the boundaries of, but excluding, the following farms in succession namely:—

Bergveld 239, Remainder of Portion 4 (Poortjie) of the Townlands of Outjo 193, Pforte 127, Mountbatten 354, Glocke 278, National 129, Portion 1 (Glenvale) Portion 2 (Middelsex) and Remainder of the consolidated farm Okakewa 160, Portion 1 (Lindenhof) of Kameelfeld 159, Remainder and Portions 3,4,5 and 1 of Petersburg 151, Sophienhof 133, Belina 132, to the easternmost corner beacon of the farm Bergveld 239, being the point of beginning.

GOD SAVE THE QUEEN.

Given under my hand and seal at Windhoek this 11th day of April, 1960.

D. T. DU P. VILJOEN,  
*Administrator.*

## Goewermentskennisgewing.

## Government Notice.

Die volgende Goewermentskennisgewing word vir algemene inligting gepubliseer.

C. F. MARAIS,  
Sekretaris van Suidwes-Afrika.

Kantoor van die Administrateur,  
Windhoek.

The following Government Notice is published for general information.

C. F. MARAIS,  
Secretary for South West Africa.

Administrator's Office,  
Windhoek.

No. 93.] [2. Mei 1960.

No. 93.] [2nd May, 1960.

### ETOSHAWILDTUIN: KAMP- EN TOEGANGSGELDE.

Dit behaag die Administrateur om kragtens en ingevolge die bevoegdheid hom verleen by artikel *sewentien* van die Ordonnansie op Wildtuine en Private Wildreserwes 1958 (Ordonnansie 18 van 1958), sy goedkeuring te heg aan die onderstaande wysigings van die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing 152 van 1 Julie 1959:

### ETOSHA GAME PARK: CAMP AND ADMISSION FEES

The Administrator has been pleased under and by virtue of the powers in him vested by section *seventeen* of the Game Parks and Private Game Reserves Ordinance, 1958 (Ordinance 18 of 1958), to approve of the undermentioned amendments to the regulations published under Government Notice 152 of the 1st July, 1959.

#### NATUURBEWARINGSREGULASIES.

#### NATURE CONSERVATION REGULATIONS

##### HOOFSTUK 1.

##### CHAPTER 1

#### BEHEER VAN DIE ETOSHAWILDTUIN.

#### CONTROL OF THE ETOSHA GAME PARK

Bovermelde regulasies word hierby gewysig —

The above-mentioned regulations are hereby amended —

- (a) deur tariefskale (a), (b) en (c) in Regulasie 3 te skrap en te vervang met die volgende:—

- (a) by the deletion of the scales of fees prescribed under (a), (b) and (c) of regulation 3 and the substitution of the following scale of fees therefor:—

„10/- per motorvoertuig of vliegtuig, plus 5/- vir elke passasier bo die ouderdom van 12 jaar.”

„10/- per motor vehicle or aircraft, plus 5/- for every passenger above 12 years of age.”;

- (b) deur tariefskale (i) tot (vii) in Regulasie 11 te skrap en te vervang met die volgende:—

- (b) by the deletion of the scales of fees prescribed under (i) to (vii) in regulation 11 and the substitution of the following scales of fees therefor:—

„*Besonderhede.*

*tarief.*

- (i) Rushuis met 5 enkelbeddens, sponsrubbermatrasse, hangkas, tafel, stoele, wasbak, spieël, piekniekhut. 'n Minimum van 15/-, plus 5/- per nag vir elke bed meer as twee.

- | „ <i>Particulars</i>  | <i>Scale</i>  |
|---|---|
| (i) Rest house with 5 single beds, foam rubber mattresses, wardrobe, table, chairs, wash basin, mirror, picnic hut. | A minimum of 15/- plus 5/- a night for every bed above two. |

- (ii) Rushuis (klipgebou), met 3 dubbeldekkerbeddens, sponsrubbermatrasse, wasbak, spieël, kaste en hangkaste, tafel en 6 stoele (geen piekniekhut). 'n Minimum van 15/-, plus 5/- per nag vir elke bed meer as twee.

- |   |   |
|---|---|
| (ii) Rest house (stone building) with three double-decker bunks, foam rubber mattresses wash basin, mirror, chests of drawers, wardrobes, table and six chairs (no picnic hut). | A minimum of 15/- plus 5/- a night for every bed above two. |
|---|---|

- (iii) Tweekamer-rushuis of luukse rushuis, met 3 enkelbeddens in elke kamer, sponsrubbermatrasse, badkamer en stortbad met warmwater, latrine, tafels, stoele, beddegoed, handdoek en seep, geteelde vloere, matte, piekniekhut. 'n Minimum van £3 per nag vir 4 persone, plus 10/- per persoon vir 'n verdere maksimum van 2 persone. 'n Maksimum van 6 persone per huis word toegelaat. Indien 'n yskas en kook- en eetgerei verskaf word, £1 ekstra.

- |   |   |
|---|---|
| (iii) Two-roomed rest house or luxury rest house with three single beds in each room, foam rubber mattresses, bathroom, and shower with hot water, lavatory, tables chairs, bedding, towels and soap, tiled floors, mats. | A minimum of £3 a night for 4 persons, plus 10/- per person for a further maximum of two persons. A maximum of 6 persons per house allowed. Where refrigerator and cooking facilities and table ware furnished an extra charge of £1. |
|---|---|

- (iv) Slaapsaal met 4 dubbeldekkerbeddens, sponsrubbermatrasse, kaste, tafels, stoele, wasbak, spieël, piekniekhut. 'n Minimum van 15/-, plus 2/6 per nag vir elke bed meer as 6.

- |   |   |
|---|---|
| (iv) Dormitory with 4 double-decker bunks, foam rubber mattresses, chests of drawers, tables, chairs, wash basin, mirror, picnic hut. | A minimum of 15/- plus 2/6 a night for every bed above 6. |
|---|---|

- (v) Kamer (Fort Namutoni), met van 2 tot 7 beddens, skuimrubbermatrasse, hangkas, spieël, tafel, stoele. 'n Minimum van 15/-, plus 5/- per nag vir elke bed meer as 2.
- (vi) Luukse kamer (Fort Namutoni), met 3 enkelbeddens, sponsrubbermatrasse, wasbak, spieël, tafel, stoele, vloermatte. 'n Minimum van £1, plus 7/6 vir elke bed meer as twee.
- (vii) Slaapsaal (Fort Namutoni), met dubbeldekkerbeddens, sponsrubbermatrasse, spieël, tafel, stoele en hangkas. 'n Minimum van 15/-, plus 2/6 per nag vir elke bed meer as 6.
- (viii) Riethuis met van 4 tot 8 beddens, klapperhaar-matrasse, tafel, wasstaander, spieël. 2/6 per bed per nag met 'n minimum van 7/6 per huisie per nag.
- (ix) Tent, met 3 enkelbeddens, en klapperhaar-matrasse. 7/6 per nag.
- (x) Paalhutte (rondavels) by die Fontein-kamp, ongemeubileerd. 'n Minimum van 5/- per nag, plus 1/- vir elke persoon meer as 5.
- (xi) Kampeerplekke met slegs vuurmaakplek. 5/- per kampeerplek per nag of deel van 'n dag.
- (xii) *Beddegoed*:  
Laken 1/- per nag.  
Komers 1/- per nag.  
Sloop 1/- per nag.  
Sponsrubberkussing 1/- per nag.  
Handdoek 1/- per nag.
- (xiii) Noodhulpdienste aan motorvoertuie 1/6 per myl, plus herstel-koste teen £1 per uur met 'n minimum van 10/-, plus materiaal.
- (c) deur sub-regulasies (c) en (d) van Regulasie 16 te skrap en te vervang met die volgende sub-regulasie:—  
„(c) 'n Bedrag van 10/- is betaalbaar vir elkeen ouer as 12 jaar en 2/6 vir elkeen van 12 jaar en jonger, met 'n minimum van £5.0.0. vir die hele groep”.
- (d) deur sub-regulasies (e) en (f) van Regulasie 16 te hernommer (d) en (e), onderskeidelik.  
Hierdie wysigings tree op 1 Mei 1960 in werking.
- (v) Room (Fort Namutoni) with from 2 to 7 beds, foam rubber mattresses, wardrobe, mirror table, chairs. A minimum of 15/- plus 5/- a night for every bed above 2.
- (vi) Luxury room (Fort Namutoni) with 3 single beds, foam rubber mattresses, wash basin, mirror, table, chairs, floor mats. A minimum of £1 plus 7/6 for every bed above 2.
- (vii) Dormitory (Fort Namutoni) with double-decker bunks, foam rubber mattresses, mirror, table, chairs and wardrobe. A minimum of 15/- plus 2/6 a night for every bed above 6.
- (viii) Thatched house with 4 to 8 beds, coir mattresses, table, wash stand, mirror. 2/6 per bed per night with a minimum of 7/6 per house per night.
- (ix) Tent, with 3 single beds and coir mattresses. 7/6 a night.
- (x) Pole huts (rondavels) at the Fountain Camp, unfurnished. A minimum of 5/- a night plus 1/- for every person above 5.
- (xi) Camping sites with only fireplaces. 5/- per camping site per night or part of a day.
- (xii) *Bedding*:  
Sheet 1/- a night  
Blanket 1/- a night  
Pillowslip 1/- a night  
Foam rubber pillow 1/- a night  
Towel 1/- a night
- (xiii) Emergency services to motor vehicles 1/6 a mile plus repair costs at £1 per hour with a minimum of 10/- plus material.
- (c) by the deletion of sub-regulations (c) and (d) of regulation 16 and the substitution of the following regulation therefor:—  
“(c) An amount of 10/- is payable for every person above the age of 12 years and 2/6 for every person of 12 years and younger, with a minimum of £5.0.0. for the whole group.”.
- (d) by the re-numbering of sub-regulations (e) and (f) of regulation 16 to read sub-regulations (d) and (e) respectively.
- These amendments shall come into effect on the 1st May, 1960.

No. 94.]

[2 Mei 1960.

Dit het die Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling behaag om, kragtens die bevoegdheid hom verleen by sub-artikel (4) van artikel *twee-en-dertig* van die Proklamasie op Inboorlinge in Stedelike Gebiede, 1951 (No. 56 van 1951) (Suidwes-Afrika) soos gewysig, gelees met artikel *drie* van die Wet op die Administrasie van Naturellesake in Suidwes-Afrika, 1954 (No. 56 van 1954) en artikel *twee* van die Proklamasie op die Administrasie van Naturellesake in Suidwes-Afrika 1958 (No. 119 van 1958) sy goedkeuring te heg aan onderstaande wysiging van die Lokasieregulasies soos afgekon-dig by Goewermentskennisgewing 49 van 1937.

## DIE MUNISIPALITEIT OUTJO.

## WYSIGING VAN LOKASIEREGULASIES.

1. Regulasie 17 word hierby deur die volgende vervang:  
„17(1) Elke geregistreerde bewoner of 'n ander inwoner van die lokasie of elkeen wat aanspreeklik is vir die uitneem van 'n permit, moet by die kantoor van die lokasiesuperintendent aan die stedelike

No. 94.]

[2nd May, 1960.

The Minister of Bantu Administration and Development has been pleased under and by virtue of the powers vested in him by sub-section (4) of section *thirty-two* of the Natives (Urban Areas) Proclamation, 1951 (No. 56 of 1951) (South West Africa) as amended, read with section *three* of the South West Africa Native Affairs Administration Act, 1954 (No. 56 of 1954) and section two of the South West African Native Affairs Administration Proclamation, 1958 (No. 119 of 1958) to approve of the undermentioned amendment of the Location regulations as published under Government Notice No. 49 of 1937.

## MUNICIPALITY OF OUTJO.

## AMENDMENT OF LOCATION REGULATIONS.

1. Substitute the following for regulation 17:—  
“17(1) Every registered occupier or other resident in the location or person liable to obtain a permit shall pay the urban local authority, in advance at the office of the location superintendent, such of the

plaaslike bestuur dié gelde wat hieronder uiteengesit word en van toepassing mag wees, vooruitbetaal ten opsigte van huur en water, sanitêre, gesondheids-, geneeskundige en ander dienste deur die stedelike plaaslike bestuur gelewer:—

- (a) Deur die houer van 'n bewoningspermit of enigeen wat die houer van sodanige permit moet wees:  
16/- per maand.
- (b) Deur die houer van bouterreinpermit of enigeen wat die houer van sodanige permit moet wees:  
2/6 per maand.
- (c) Deur die houer van 'n loseerderspermit of enigeen wat die houer van sodanige permit moet wees:  
2/- per maand.
- (d) Deur die houer van 'n besoekerspermit of enigeen wat die houer van sodanige permit moet wees, wanneer die geldigheidsduur van die permit 3 dae te bowe gaan:  
2/- per maand of gedeelte van 'n maand.
- (e) Deur elke okkupeerder van 'n hostelgebou:  
12/6 per maand.

amounts set out hereunder in respect of rent and charges for water and sanitary, health, medical and other services rendered by the urban local authority, as may be applicable:—

- (a) By the holder of a residential permit or any person who is required to be the holder of such permit:  
16/- per month.
- (b) By the holder of a site permit, or any person who is required to be a holder of such permit:  
2/6 per month.
- (c) By the holder of a lodger's permit, or any person who is required to be the holder of such permit:  
2/- per month.
- (d) By the holder of a visitor's permit, or any person who is required to be the holder of such permit when the currency of such permit exceeds 3 days  
2/- per month or part of a month
- (e) By each occupier of a hostelbuilding:  
12/6 per month.

No. 95.]

[2 Mei 1960.

**PRYSBEHEER.**

**MAKSIMUM PRYSE VAN KUNSMIS,**

Ek, Johannes Jacobus Kitshoff, Adjunk-pryskontroleur, handelende kragtens die bevoegdheid my deur die Pryscontroleur verleen kragtens regulasie 1 van Oorlogsmaatreël No. 49 van 1946, wysig hierby kragtens genoemde Oorlogsmaatreël, Goewermentskennisgewing No. 145 van 15 Junie 1959 (Maksimum Pryse van Kunsmis), deur die Bylaes hiervan in die plek te stel van die betrokke Bylaes daarvan.

**EERSTE BYLAE.**

Soort Kunsmis	Maksimum prys per ton (2,000 lb.) in sakke	
	£	s. d.
Superfosfaat H.G.	11	3 8
Basiese Superfosfaat H.G.	11	10 0
Super- en rufosfaat 1:1	11	11 6
Rufosfaat H.G.	11	10 6
Basiese slakmeel	11	12 0
Ammoniumsulfaat	20	1 6
Ammoniumnitraat H.G.	31	11 6
Kalksteenammoniumnitraat	19	12 0
Ureum	38	15 0
Kaliumchloried	18	6 6
Kaliumsulfaat	23	15 0
Potasmagnesia	18	16 0

**TWEEDE BYLAE.**

Soort Kunsmis.	Maksimum prys per ton (2,000 lb.) in sakke	
	£	s. d.
Ammoniaksuperfosfaat H.G. (korrels)	14	1 6

**DERDE BYLAE.**

Kunsmismengsels.	Maksimum prys per ton (2,000 lb.) in sakke	
	£	s. d.
0 : 12 : 20	15	5 6
0 : 15 : 10	14	0 6
0 : 17 : 7	14	5 6
3 : 13 : 8	14	19 6
3 : 15 : 3	14	12 6
3 : 19 : 0	16	10 6
5 : 13 : 5	15	17 0
5 : 14 : 0	14	19 0
6 : 26 : 6	27	2 6
7 : 7 : 21	18	19 0
10 : 0 : 30	20	6 6
10 : 6 : 10	17	17 0
13 : 7 : 0	18	2 6
15 : 0 : 15	20	7 6

No. 95.]

[2nd May, 1960.

**PRICE CONTROL.**

**MAXIMUM PRICES OF FERTILIZERS.**

In terms of War Measure No. 49 of 1946, I, Johannes Jacobus Kitshoff, Deputy-Price Controller, acting by virtue of the powers assigned to me by the Price Controller in terms of regulation 1 of the said War Measure, hereby amend Government Notice No. 145 of 15th June, 1959 (Maximum Prices of Fertilizers), by substituting the Schedules hereto for the relative Schedules thereto.

**FIRST SCHEDULE.**

Type of Fertilizer.	Maximum Price per ton (2,000 lb.) Bagged	
	£	s. d.
Superphosphate H.G.	11	3 8
Basic Superphosphate H.G.	11	10 0
Super and Raw Phosphate 1:1	11	11 6
Raw Phosphate H.G.	11	10 6
Basic Slag	11	12 0
Ammonium Sulphate	20	1 6
Ammonium Nitrate H.G.	31	11 6
Limestone Ammonium Nitrate	19	12 0
Urea	38	15 0
Muriate of Potash	18	6 6
Sulphate of Potash	23	15 0
Potash Magnesia	18	16 0

**SECOND SCHEDULE.**

Type of Fertilizer.	Maximum Price per ton (2,000 lb.) Bagged	
	£	s. d.
Ammoniated Superphosphate H.G. Granulated	14	1 6

**THIRD SCHEDULE.**

Fertilizer Mixtures.	Maximum Price per ton (2,000 lb.) Bagged	
	£	s. d.
0 : 12 : 20	15	5 6
0 : 15 : 10	14	0 6
0 : 17 : 7	14	5 6
3 : 13 : 8	14	19 6
3 : 15 : 3	14	12 6
3 : 19 : 0	16	10 6
5 : 13 : 5	15	17 0
5 : 14 : 0	14	19 0
6 : 26 : 6	27	2 6
7 : 7 : 21	18	19 0
10 : 0 : 30	20	6 6
10 : 6 : 10	17	17 0
13 : 7 : 0	18	2 6
15 : 0 : 15	20	7 6

2 : 12 : 6 (½ Org. N.) . . . . .	14 4 6
3 : 13 : 3 (½ Org. N.) . . . . .	15 8 0
4 : 10 : 6 (½ Org. N.) . . . . .	16 2 6
6 : 10 : 3 (½ Org. N.) . . . . .	18 5 0

2 : 12 : 6 (½ Org. N.) . . . . .	14 4 6
3 : 13 : 3 (½ Org. N.) . . . . .	15 8 0
4 : 10 : 6 (½ Org. N.) . . . . .	16 2 6
6 : 10 : 3 (½ Org. N.) . . . . .	18 5 0

Met dien verstande dat die pryse van korrelmengsels wat in hierdie Bylae aangegee word met 12s. 6d. per ton (2,000 lb.) verhoog kan word.

Provided that in the case of granulated mixtures, the prices specified in this schedule may be increased by 12s. 6d. per ton (2,000 lb.)

## VIERDE BYLAE.

Soort Kunsmis.	Maksimum prys per verpakking van		
	5 lb.	10 lb.	25 lb.
	s. d.	s. d.	s. d.
5 : 13 : 5 . . . . .	2 9	5 3	8 0
10 : 6 : 10 . . . . .	—	—	8 6
13 : 7 : 0 . . . . .	—	—	8 9
6 : 10 : 3 (½ Org. N.) . . . . .	3 0	5 3	8 0
Superfosfaat H. G. . . . .	—	—	6 9
Ammoniumsulfaat . . . . .	2 9	4 9	9 0

J. J. KITSHOFF,  
Adjunk-pryskontroleur.

OPMERKING. — Die uitwerking van hierdie kennisgewing is dat nuwe kunsmispryse vir 1960 vasgestel word.

## FOURTH SCHEDULE.

Type of Fertilizer.	Maximum Price per packing of		
	5 lb.	10 lb.	25 lb.
	s. d.	s. d.	s. d.
5 : 13 : 5 . . . . .	2 9	5 3	8 0
10 : 6 : 10 . . . . .	—	—	8 6
13 : 7 : 0 . . . . .	—	—	8 9
6 : 10 : 3 (½ Org. N.) . . . . .	3 0	5 3	8 0
Superphosphate H. G. . . . .	—	—	6 9
Ammonium Sulphate . . . . .	2 9	4 9	9 0

J. J. KITSHOFF,  
Deputy Price Controller.

NOTE. — The effect of this notice is to fix new fertilizer prices for 1960.

No. 96.]

[2 Mei 1960.

Dit het die Administrateur behaag om kragtens en ingevolge die bevoegdheid hom verleen by artikel vyf van die Posadministrasie Proklamasie 1931 (Proklamasie No. 15 van 1931) sekere pakketpostariewe soos aangekondig in Goewermentskennisgewing No. 13 van 1958, en soos gewysig deur Goewermentskennisgewings Nos. 63 van 1958, 148 van 1958, 267 van 1958, 328 van 1958, 98 van 1959, 144 van 1959, 202 van 1959, 240 van 1959 en 10 van 1960 te wysig en sy goedkeuring te heg aan die onderstaande tariewe soos vasgestel deur die Direkteur van Pos- en Telegraafwese met ingang van 1 April 1960.

## HERSIENING VAN PAKKETPOSTARIEWE NA DIE ONDERGENOEMDE LANDE/GEBIEDE MET INGANG VAN 1 APRIL 1960.

	1 lb.	2 lb.	3 lb.	4 lb.	5 lb.	6 lb.	7 lb.	8 lb.	9 lb.	10 lb.	11 lb.
	s. d.	s. d.									
Bo-Volta . . . . .	8 9	10 3	13 9	15 3	16 9	18 3	19 9	23 9	25 3	26 9	28 3
Dahomey . . . . .	8 9	10 3	13 9	15 3	16 9	18 3	19 9	23 9	25 3	26 9	28 3
Dominica . . . . .	6 0	7 6	9 0	12 0	13 6	15 0	16 6	19 9	21 3	22 9	24 3
Israel . . . . .	8 3	9 9	14 0	15 6	17 0	18 6	20 0	25 9	27 3	28 9	30 3
Ivoorkus . . . . .	8 9	10 3	13 9	15 3	16 9	18 3	19 9	23 9	25 3	26 9	28 3
Kambodja . . . . .	10 3	11 9	16 0	17 6	19 0	20 6	22 0	26 3	27 9	29 3	30 9
Nigerkolonie . . . . .	8 9	10 3	13 9	15 3	16 9	18 3	19 9	23 9	25 3	26 9	28 3
Oostenryk . . . . .	8 10	10 4	13 10	15 4	16 10	18 4	19 10	23 3	24 9	26 3	27 9
Senegal . . . . .	7 9	9 3	12 6	14 0	15 6	17 0	18 6	21 9	23 3	24 9	26 3
Soedan, Frans . . . . .	7 9	9 3	12 6	14 0	15 6	17 0	18 6	21 9	23 3	24 9	26 3
Togo, Franse Gebied . . . . .	7 9	9 3	12 3	13 9	15 3	16 9	18 3	21 9	23 3	24 9	26 3

No. 96.]

[2nd May, 1960.

The Administrator has been pleased under and by virtue of the powers in him vested by Section five of the Post Office Proclamation (Proclamation No. 15 of 1931) to amend certain parcel tariffs appearing in Government Notice No. 13 of 1958 as amended by Government Notices No's. 63 of 1958, 148 of 1958, 267 of 1958, 328 of 1958, 98 of 1959, 144 of 1959, 202 of 1959 and 10 of 1960 and approve of the sub-joined parcel post tariffs fixed by the Director of Posts and Telegraphs, with effect from 1st April, 1960.

## REVISION OF PARCELPOST TARIFFS TO THE UNDERMENTIONED COUNTRIES/TERRITORIES — W.E.F. 1ST APRIL, 1960.

	1 lb.	2 lb.	3 lb.	4 lb.	5 lb.	6 lb.	7 lb.	8 lb.	9 lb.	10 lb.	11 lb.
	s. d.	s. d.									
Austria . . . . .	8 10	10 4	13 10	15 4	16 10	18 4	19 10	23 3	24 9	26 3	27 9
Cambodia . . . . .	10 3	11 9	16 0	17 6	19 0	20 6	22 0	26 3	27 9	29 3	30 9
Dahomey . . . . .	8 9	10 3	13 9	15 3	16 9	18 3	19 9	23 9	25 3	26 9	28 3
Dominica . . . . .	6 0	7 6	9 0	12 0	13 6	15 0	16 6	19 9	21 3	22 9	24 3
Israel . . . . .	8 3	9 9	14 0	15 6	17 0	18 6	20 0	25 9	27 3	28 9	30 3
Ivory Coast . . . . .	8 9	10 3	13 9	15 3	16 9	18 3	19 9	23 9	25 3	26 9	28 3
Niger . . . . .	8 9	10 3	13 9	15 3	16 9	18 3	19 9	23 9	25 3	26 9	28 3
Senegal . . . . .	7 9	9 3	12 6	14 0	15 6	17 0	18 6	21 9	23 3	24 9	26 3
Sudan, French . . . . .	7 9	9 3	12 6	14 0	15 6	17 0	18 6	21 9	23 3	24 9	26 3
Togo (French Sphere) . . . . .	7 9	9 3	12 3	13 9	15 3	16 9	18 3	21 9	23 3	24 9	26 3
Upper Volta . . . . .	8 9	10 3	13 9	15 3	16 9	18 3	19 9	23 9	25 3	26 9	28 3

No. 97.]

[2 Mei 1960. No. 97.]

[2nd May, 1960.

## PRYSBEHEER.

## PRICE CONTROL.

## MAKSIMUM PRYSE VAN LANDBOUGEREEDSKAP EN MASJIENERIE.

## MAXIMUM PRICES OF AGRICULTURAL IMPLEMENTS AND MACHINERY.

Ek, Johannes Jacobus Kitshoff, Adjunkpryskontroleur, handelende kragtens die bevoegdheid my deur die Prys-kontroleur verleen kragtens regulasie 1 van Oorlogs-

In terms of War Measure No. 49 of 1946, I, Johannes Jacobus Kitshoff, Deputy Price Controller, acting by virtue of the powers assigned to me by the Price Controller

maatreeël No. 49 van 1946, wysig hierby kragtens genoemde Oorlogsmaatreeël, Goewermentskennisgewing No. 9 van 2 Januarie 1957 soos gewysig, deur die Bylae hiervan in die plek te stel van die Tweede Bylae daarvan.

**TWEDE BYLAE.**

**LANDBOUGEREEDSKAP VERVAARDIG DEUR SOUTH AFRICAN IMPLEMENT MANUFACTURERS, LIMITED.**

Beskrywing	Kolom 1			Kolom 2		
	Maksimum Groot-handelprys			Maksimum Klein-handeprys		
	£	s.	d.	£	s.	d.
Enkelvoorploë en operdploë —						
V.S. 8 met verstelbare trekstange	4	13	9	5	9	0
V.S. 10 (1959-voorraad)	4	15	0	5	10	6
V.S. 8 met trekskakeel in plaas van trekstang	4	4	6	5	0	0
V.S. 10	4	5	9	5	1	6
V.S. 12 met verstelbare trekstange	5	4	9	6	1	9
I.S. 10 met staal-hoekskaar	6	13	6	7	15	3
I.S. 12 met staal-hoekskaar	6	14	9	7	16	9
Heuwploë 8 dm.-skaar van gletyster	7	16	9	9	2	3
Omslagploë 10 dm.-skaar van staal	11	0	6	13	1	0
Operdploë, hoë vleuelskaar	6	14	9	7	16	9
Skoffelploë—Enkelry—						
C.S. 2 (5½ dm.- en 7 dm.-skare)	4	9	6	5	4	0
Ligte drie-tand (verstelbare skare van 3—7 dm.)	5	17	9	6	19	3
S. 59 (12 tande en 10 dm.-swaaksterterskaar)	7	5	9	8	9	6
„New” S. 51 Lig (staalwiel)	6	5	6	7	8	9
S. 51 Standaard (gegote wiel)	7	5	9	8	9	6
S. 51 „Special” (staalwiel)	7	13	0	8	18	0
M.C. 5 Standaard (gegote wiel)	7	4	6	8	8	0
M.C. 6 Standaard (gegote wiel)	8	5	3	9	12	3
Stangaandrywing-enkelryplanters (met mielie- en kafferkoringplate)						
Sonder aanhegting vir kunsmis	12	10	0	14	15	9
Met aanhegting vir kunsmis	14	12	9	17	6	6
Katoenplanter met aanhegting vir kunsmis	16	11	0	19	4	9
Katoenaanhegting alleen	4	18	0	5	14	0
Kettingaandrywing-enkelryplanters (met een mielie- en een kafferkoringplate)—						
Sonder aanhegting vir kunsmis	13	8	3	15	17	6
Met aanhegting vir kunsmis	15	11	3	18	8	3
Tweevoorploë—						
P. 20 -12 dm.-hoekskaar	46	11	3	54	3	0
P. 23 -10 dm.-platskaar	22	13	6	26	7	3
Eë—						
Twee-stuk-trekstang met aanhaakstel	1	16	9	2	2	9
Drie-stuk-trekstang met aanhaakstel	2	15	0	3	4	0
Vier-stuk-trekstang met aanhaakstel	3	13	6	4	5	6
Ligte tandegstuk	4	5	9	4	19	9
Middelslag-sigsagegstuk	4	11	9	5	6	9
Swaar tandestuk sigsagegstuk	5	3	0	5	19	9
¾ dm.-diamantegstuk	3	12	3	4	4	0
Driehoekige eg	5	1	9	5	18	3

J. J. KITSHOFF,  
Adjunk-pryskontroleur.

**OPMERKING:** - Die uitwerking van hierdie kennisgewing is om die nuwe pryse van sekere landbougereedskap wat deur die South African Farm Implement Manufacturers, Ltd., vervaardig word, in werking te stel.

No. 98.] [2 Mei 1960.

**REGULASIES BETREFFENDE DIE INDELING VAN PASIËNTE EN TARIËWE VAN GELDE BETAALBAAR DEUR PASIËNTE TEN OPSIGTE VAN BEHANDELING ONTVANG BY, IN OF VAN STAATSHOSPITALE INGEVOLGE DIE ORDONNANSIE OP STAATSHOSPITALE 1957. (ORDONNANSIE 49 VAN 1957).**

Dit behaag die Administrateur om ingevolge die bevoegdheids hom verleen by artikel 53 gelees met subar-

in terms of regulation 1 of the said War Measure, do hereby amend Government Notice No. 9 of 2nd January, 1957, as amended, by substituting the Schedule hereto for the Second Schedule thereto.

**SECOND SCHEDULE.**

**AGRICULTURAL IMPLEMENTS MANUFACTURED BY THE SOUTH AFRICAN IMPLEMENT MANUFACTURERS, LIMITED.**

Description	Column 1			Column 2		
	Maximum Wholesale Price			Maximum Retail Price		
	£	s.	d.	£	s.	d.
Single-furrow ploughs and ridgers—						
V.S. 8 with adjustable drawbars	4	13	9	5	9	0
V.S. 10 (1959 stock)	4	15	0	5	10	6
V.S. 8 with draw shackle in lieu of drawbar	4	4	6	5	0	0
V.S. 10	4	5	9	5	1	6
V.S. 12 with adjustable drawbars	5	4	9	6	1	9
I.S. 10 with steel angle share	6	13	6	7	15	3
I.S. 12 with steel angle share	6	14	9	7	16	9
Hillside 8-in. cast-iron share	7	16	9	9	2	3
Reversible 10-in. steel share	11	0	6	13	1	0
Ridger, high wing	6	14	9	7	16	9
Cultivators—Single row —						
C.S. 2 (5½-in. and 7-in. shovels)	4	9	6	5	4	0
Light 3-Tyne (3—7-in. shovels) convertible	5	17	9	6	19	3
S. 59 (12 teeth and 10-in sweep)	7	5	9	8	9	6
New S. 51 Light (steel wheel)	6	5	6	7	8	9
S. 51 Standard (cast wheel)	7	5	9	8	9	6
S. 51 Special (steel wheel)	7	13	0	8	18	0
M.C. 5 Standard (cast wheel)	7	4	6	8	8	0
M.C. 6 Standard (cast wheel)	8	5	3	9	12	3
Planters—Single Row Pitman Drive (with maize and kaffircorn plate)						
Less fertilizer attachment	12	10	0	14	15	9
With fertilizer attachment	14	12	9	17	6	6
Cotton with fertilizer attachment	16	11	0	19	4	9
Cotton attachment only	4	18	0	5	14	0
Planters—Single Row Chain Drive (with one maize and one kaffircorn plate)—						
Less fertilizer attachment	13	8	3	15	17	6
With fertilizer attachment	15	11	3	18	8	3
Double Furrow Ploughs—						
P. 20—12-in. Angle share	46	11	3	54	3	0
P. 23—10-in. Flat share	22	13	6	26	7	3
Harrows						
Two section drawbar with runner set	1	16	9	2	2	9
Three section drawbar with runner set	2	15	0	3	4	0
Four section drawbar with runner set	3	13	6	4	5	6
Light zigzag harrow section	4	5	9	4	19	9
Medium zigzag harrow section	4	11	9	5	6	9
Heavy zigzag harrow section	5	3	0	5	19	9
¾-in. Diamond harrow section	3	12	3	4	4	0
Triangular harrow	5	1	9	5	18	3

J. J. KITSHOFF,  
Deputy Price Controller.

**NOTE.** — The effect of this notice is to introduce new prices for certain agricultural implements manufactured by the South African Farm Implement Manufacturers, Ltd.

No. 98.] [2nd May. 1960.

**REGULATIONS RELATING TO THE CLASSIFICATION OF PATIENTS AND TARIFFS OF FEES PAYABLE BY PATIENTS IN RESPECT OF TREATMENT RECEIVED AT, IN, OR FROM STATE HOSPITALS IN TERMS OF THE ORDINANCE ON STATE HOSPITALS 1957 (ORDINANCE NO. 49 OF 1957).**

The Administrator has been pleased under and by virtue of the powers in him vested by section 53 read

tikel 2 van artikel 43 van die Ordonnansie op Staats-hospitale, 1957 (Ordonnansie 49 van 1957) hierby die volgende regulasies af te kondig met ingang van 1 April 1960.

### INLEIDEND.

1. In hierdie regulasies, tensy dit uit die sinsverband anders blyk, beteken —

„afhanklike” ’n persoon genoem in regulasie 6 van hierdie regulasies;

„applikant” ’n applikant om opneming in ’n staats-hospitaal met die doel om behandeling daarin of daarby te ontvang, hetsy as binnepatiënt of as buitepatiënt;

„blanke persoon” ’n blanke persoon soos omskrywe in artikel een van die Bevolkingsregistrasiewet, 1950 (Wet 30 van 1950)

„nie-blanke persoon” ’n persoon wat nie ’n blanke persoon is nie;

„inkomste” inkomste bereken op die wyse in regulasie 7 van hierdie regulasies uiteengesit;

„opnemingsbeampte” ’n superintendent of ander beampte gemagtig om as ’n opnemingsbeampte op te tree;

„Ordonnansie” die Ordonnansie op Staatshospitale, 1957 (Ordonnansie 49 van 1957);

en enige ander woord of uitdrukking het die betekenis daaraan geheg by die Ordonnansie.

### APPLIKANT MOET INLIGTING VERSTREK.

2. (1) Daar word deur elke applikant of ten behoeve van hom aan ’n opnemingsbeampte ’n verklaring gegee wat besonderhede bevat van —

- (a) die naam, ras, adres, ouderdom, huwelikstaat en beroep van sodanige applikant;
- (b) die naam en adres van sy werkgever, as daar een is;
- (c) sy inkomste, as daar is; en
- (d) die naam, adres, ouderdom, huwelikstaat, beroep en inkomste (as daar is) van elkeen van sy afhanklikes en die rede vir sodanige afhanklikheid.

2. (2) Ingeval ’n applikant ’n minderjarige kind of eggenote is, gee of laat gee die persoon wettiglik verantwoordelik vir die onderhoud of bystand van sodanige kind of eggenote, al na die geval, daarbenewens en met betrekking tot homself, aan ’n opnemingsbeampte, ’n verklaring van die aard in subregulasie (1) beoog.

3. ’n Applikant en, in die omstandighede beoog in subregulasie (2) van daardie regulasie, die persoon wettiglik verantwoordelik vir die onderhoud of bystand van die betrokke afhanklike, al na die geval verstrek of laat verstrek namens hom, indien aangesê om dit te doen deur ’n opnemingsbeampte, benewens enige verklaring in regulasie 2 genoem, aan sodanige opnemingsbeampte sodanige ander inligting en sodanige dokumente wat sodanige opnemingsbeampte nodig ag vir die doel van die toepassing van hierdie regulasies.

4. (1) Behalwe in die omstandighede in subregulasie (2) beoog, word geen applikant in ’n staats-hospitaal opgeneem vir behandeling daarin of daarby nie tensy iedere verklaring en enige ander inligting en iedere dokument in regulasies 2 en 3 beoog gegee of verstrek is soos daarin bepaal of tensy die applikant of, as hy ’n minderjarige kind of eggenote is, die persoon wettiglik verantwoordelik vir die onderhoud of bystand van sodanige kind of eggenote, ’n opnemingsbeampte andersins oortuig het aangaande die kategorie pasiënt waaronder sodanige applikant ingevolge regulasie 9 resorteer.

4. (2) Waar, na die mening van ’n opnemingsbeampte, die behandeling van ’n applikant nie sonder gevaar of nadelige gevolge uitgestel kan word nie, kan sodanige applikant, ondanks die bepaling van subregulasie (1), opgeneem word en behandeling in of by ’n staats-hospitaal ontvang.

4. (3) Wanneer ’n persoon in ’n staats-hospitaal opgeneem is of behandeling daarin of daarby ontvang in die omstandighede waarvoor in subregulasie (2) voorsiening gemaak is, word enige verklaring ander inligting en dokument in regulasies 2 en 3 beoog, gegee of verstrek aan ’n opnemingsbeampte, voor of op sodanige datum, wat ’n datum na sodanige opname of behandeling is, wat sodanige opnemingsbeampte vasstel.

with sub-section 2 of section 43 of the Ordinance on State Hospitals, 1957 (Ordinance No. 49 of 1957) to make the following regulations with effect from the 1st April, 1960.

### PRELIMINARY.

1. In these regulations, unless the context otherwise indicates —

“dependant” means a person referred to in regulation 6 of these regulations.

“applicant” means an applicant for admission to a state hospital for the purpose of receiving treatment therein or thereat whether as an in-patient or as an out-patient;

“white person” means a white person as defined in section one of the Population Registration Act, 1950 (Act No. 30 of 1950);

“non-white person” means a person who is not a white person;

“income” means income calculated in the manner set out in regulation 7 of these regulations;

“admitting officer” means a superintendent or other officer authorised to act as an admitting officer;

“ordinance” means the Ordinance on State Hospitals 1957 (Ordinance 49 of 1957)

and any other word or expression shall have the meaning assigned thereto in the Ordinance.

### APPLICANT TO FURNISH INFORMATION.

2. (1) There shall be made by every applicant or on his behalf to an admitting officer, a declaration containing particulars of —

- (a) the name, race, address, age, marital status and occupation of such applicant;
- (b) the name and address of his employer, if any;
- (c) his income, if any; and
- (d) the name, address, age, marital status, occupation and income (if any) of each of his dependants and the reason for such dependence.

2. (2) In the event of an applicant being a minor child or wife, the person responsible in law for the maintenance or support of such child or wife, as the case may be, shall in addition and in relation to himself, make or cause to be made on his behalf to an admitting officer, a declaration of the nature contemplated in sub-regulation (1).

3. In addition to any declaration referred to in regulation 2 an applicant, and, in the circumstances contemplated in sub-regulation (2) of that regulation, the person responsible in law for the maintenance or support of the dependant in question, as the case may be, shall, if called upon to do so by an admitting officer, furnish or cause to be furnished on his behalf, to such admitting officer, such other information and such documents as such admitting officer, may deem necessary for the purpose of the application of these regulations.

4. (1) Except in the circumstances contemplated in sub-regulation (2) no applicant shall be admitted into a state hospital for treatment therein or thereat unless every declaration and any other information and every document contemplated in regulations 2 and 3 shall have been made or furnished as therein provided, or unless the applicant or if he is a minor child or wife, the person responsible in law for the maintenance or support of such child or wife, has otherwise satisfied an admitting officer as to the category of patient in which such applicant falls in terms of regulation 9.

4. (2) Where in the opinion of an admitting officer the treatment of an applicant cannot be deferred without danger or detrimental consequences such applicant may, notwithstanding the provisions of sub-regulation (1), be admitted to, and receive treatment at, or in, a state hospital.

4. (3) Whenever a person has been admitted to, or receives treatment at, or in, a state hospital in the circumstances provided for in sub-regulation (2), any declaration, other information and document contemplated in regulations 2 and 3 shall be made or furnished to an admitting officer, on or before such date, being a date subsequent to such admission or treatment, as such admitting officer shall determine.

4. (4) As enige verklaring, ander inligting of dokument nie gegee of verstrekkend word nie soos in subregulasie (3) beoog ontslaan die superintendent of ander geneesheer in die personeel van die staats-hospitaal deur hom gemagtig om namens hom op te tree, die betrokke pasiënt uit die hospitaal waarin hy opgeneem is of gelas hy dat sy behandeling daarin of daarby gestaak word, al na die geval sodra sodanige superintendent of ander geneesheer oortuig is dat sodanige stap gedoen kan word sonder gevaar of nadelige gevolge vir sodanige pasiënt.

5. Ondanks andersluidende bepalings in hierdie regulasies vervat, is 'n applikant wat opname in of behandeling in of by 'n staats-hospitaal verlang as 'n volbetaalde pasiënt of as 'n private pasiënt of as sodanige applikant 'n minderjarige kind of eggenote is, die persoon wettiglik verantwoordelik vir die onderhoud of bystand van sodanige applikant, nie verplig om enige verklaring inligting of dokument te gee of te verstrekkend of namens hom te laat gee of te laat verstrekkend nie, uitgesonderd die verklaring in paragraaf (a) van subregulasie (1) van regulasie 2 genoem, as daar deur of ten behoeve van sodanige applikant aan 'n opnemingsbeambte 'n kontantdeposito, of geldige bank — of ander waarborg of sekuriteit, deur die Mediese Superintendent of sy gevolmagtigde goedgekeur, verstrekkend is van 'n bedrag voldoende om die volle gelde en vorderings te dek wat, na die mening van sodanige opnemingsbeambte, verskuldig en betaalbaar kan word aan die staats-hospitaal waarin sodanige applikant opgeneem moet word of waarin of waarby hy behandel moet word, ten opsigte van sodanige opnemings of behandeling, teen die hoogste tariewe van gelde vir die oomblik op volbetaalde pasiënte of private pasiënte in sodanige hospitaal van toepassing, al na die geval.

OMSKRYWING VAN AFHANKLIKE.

6. (1) Vir die toepassing van hierdie regulasies word 'n persoon as 'n afhanklike van 'n ander persoon beskou as hy geheel en al of gedeeltelik afhanklik is van daardie persoon vir sy onderhoud of bystand vanweë huwelik, bloedverwantskap, ouderdom of liggaamlike, geestelike of ander ongesteldheid, of enige ander geldige rede, en as sy persoonlike inkomste nie die bedrag van £150 per jaar oorskry nie as hy 'n blanke persoon is of die bedrag van £75 per jaar as hy 'n nie-blanke persoon is.

6. (2) Ondanks andersluidende bepalings in subregulasie (1) vervat, word 'n kind hetsy by geboorte of andersins, wat minderjarig is, beskou as 'n afhanklike van die ouer of voog wettiglik verantwoordelik vir sy onderhoud of bystand, en word 'n eggenote beskou as 'n afhanklike van haar eggenoot, en, in die geval van 'n eggenoot wat van sy eggenote afhanklik is vir sy onderhoud of bystand word 'n eggenoot beskou as 'n afhanklike van sy eggenote, of die inkomste van sodanige kind, eggenote of eggenoot, al na die geval, ook al die bedrag van £150 per jaar in die geval van 'n blanke persoon of die bedrag van £75 per jaar in die geval van 'n nie-blanke persoon, oorskry of nie.

OMSKRYWING VAN INKOMSTE

7. (1) Inkomste beteken vir die toepassing van hierdie regulasies die netto kontantinkomste van 'n persoon en die netto waarde in kontant van enige voordeel in natura deur hom ontvang, by wyse van salaris, loon, kommissie, pensioen, rente, diwidende, huurgelde, die dryf van boerderybedrywighede of van enige handel, besigheid of beroep of op enige ander wyse hoegenaamd, maar voor aftreking daarvan van enige bydrae tot 'n pensioen-ouderdomsgrensbereikingsfonds, mediese hulp — of dergelike fonds, of enige premie op 'n assuransiëpolis, enige vordering ten opsigte van losies of inwoning of enige ander bedrag wat nie uitgawe is wat aangegaan is by die verdiening van sodanige inkomste nie, gedurende die tydperk van twaalf maande wat die datum waarop 'n verklaring van inkomste ingevolge regulasie 2 of 3 gegee word onmiddellik voorafgaan.

7. (2) Die kontantwaarde van voedsel of huisvesting in natura ontvang, word, vir die toepassing van subregulasie (1) bereken teen £60 per jaar vir voedsel en £40 per jaar vir huisvesting as die persoon wat dit ontvang 'n blanke persoon is, en teen £30 per jaar vir

4. (4) If any declaration, other information or document is not made or furnished as contemplated in sub-regulation (3) the superintendent or other medical practitioner on the staff of the state hospital authorised by him to act on his behalf, shall discharge the patient concerned from the hospital to which he has been admitted or shall instruct that his treatment thereat or therein be discontinued, as the case may be, as soon as such superintendent or other medical practitioner is satisfied that such action may be taken without danger or detrimental consequences to such patient.

5. Notwithstanding anything to the contrary in these regulations contained an applicant who seeks admission to, or treatment at, or in, a state hospital as a full paying patient or as a private patient, or, if such applicant is a minor child or wife, the person responsible in law for the maintenance or support of such applicant, shall not be obliged to make or furnish or to cause to be made or furnished on his behalf, any declaration, information or document other than the declaration referred to in paragraph (a) of sub-regulation (1) of regulation 2 if there has been furnished by such applicant or on his behalf, to an admitting officer, a cash deposit or valid bank or other guarantee or security approved by the Medical Superintendent or his assignee to an amount sufficient to cover the full fees and charges which in the opinion of such admitting officer, may become due and payable to the state hospital to which such applicant is to be admitted or whereat or wherein he is to be treated, in respect of such admission or treatment, at the highest tariffs of charges for the time being applicable in such hospital to full-paying patients or private patients, as the case may be.

DEFINITION OF DEPENDANT.

6. (1) For the purposes of these regulations a person shall be regarded as a dependant of another person if he is wholly or partly dependant on that person for his maintenance or support by reason of marriage, consanguinity, age, or bodily mental or other incapacity, or any other valid cause and if his personal income does not exceed the sum of £150 if he is a white person or the sum of £75 if he is a non-white person.

6. (2) Notwithstanding anything to the contrary in sub-regulation (1) contained a child, who is a minor shall be regarded as a dependant whether by birth or otherwise, of the parent or guardian in law responsible for his maintenance or support, and a wife shall be regarded as a dependant of her husband and, in the event of a husband being dependant on his wife for his maintenance or support, a husband shall be regarded as a dependant of his wife, whether or not the income of such child, wife, or husband, as the case may be, exceeds, in the case of a white person, the sum of £150 and in the case of a non-white person the sum of £75.

DEFINITION OF INCOME.

